

**10 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: 1 KORINTIËRS 15:12-34  
FOKUSGEDEELTE: 1 KORINTIËRS 15:24-28;  
HEIDELBERGSE KATEGISMUS, So. 48**

**Laat u koninkryk kom**

Wanneer 'n nuwe owerheid aan bewind kom, vat dit 'n ruk voordat die nuwe owerheid se stempel oral afgedruk en almal aan die owerheid onderdanig is. Iets daarvan beleef ons ook in die ryk van Jesus Christus, ons Koning.

Ons Koning het voor sy troonsbestyging ons reeds geleer om te bid: "Laat U koninkryk kom." Daarmee vra ons dat God ons gehoorsame burgers van sy ryk sal maak, want ons sukkel om aan te pas en gehoorsaam te wees aan die nuwe Koning. Baie mense weier om Jesus as die enige ware Koning te erken. Daarom moet ons bid dat al hoe meer mense sal ophou om voor die ou gode van die wêreld te buig. Al het ons Here die duiwel en sy magte oorwin, het Hy steeds baie vyande wat sy mag ondergrawe. "Laat U koninkryk kom," is 'n bede wat vra dat sy vyande se bose planne vernietig word. Op die dag wanneer ons Here Jesus weer kom, sal die laaste vyand, die dood, vernietig word. Dan sal die grafte oopgaan en sal die afgestorwenes opstaan. God se ryk sal heeltemal wees soos Hy dit wil hê. Sy onderdane sal dan volkome aan Hom gehoorsaam wees.

Intussen sukkel ons om aan te pas by ons nuwe burgerskap. Daarom is dit vir ons belangrik om voortdurend te bid: "Laat U koninkryk kom."

*Sing: Psalm 2:1, 6 (1936-beryming)*

*Dr Edmund de Beer (Laeveld)*